

## FAMILIETRUST

# Bates kan probleme met rente, belasting en boedel skep

'n Leser uit Jeffreysbaai het vrae oor sy familietrust.

Hy het dit "op aanbeveling" geskep en hy en sy vrou het jaarliks die maksimum belastingvrye skenkingsbedrag aan die trust oorgemaak wat meestal in effek-tetrusts belê is. Hy is die trustee en sy vrou en kinders die begunstigdes.

Dis die kern van sy brief.

En dan wil hy weet: Is die trust deel van sy boedel? Wat is die posisie ten opsigte van belasting op die trust ná sy afsterwe?

Hierdie is vir my tipiese probleme wat kan ontstaan as jy jou ore uitleen aan trustsmouse wat



**RAAD MET  
JOU RANDE**  
NICO VAN GIJSEN

net daarop ingestel is om geld uit jou te maak.

Dié tipe vrae skep op sy beurt by my baie vrae, wat ek nie aan die leser kon vra nie, want hy gee nie 'n telefoonnommer of e-pos in sy brief nie.

Ek vra dit hier sodat lesers dit aan hul "raadgewer" kan vra as hulle met 'n trustvoorstel te doen kry. Waarom, sou my eerste vraag wees, moet die belegging in die familietrust gedoen word – hoekom nie in jou en/of jou vrou se eie naam nie?

Dit kon wees om vir boedelbelastingdoeleindes dié geld uit jou boedel te hou. En dan sou ek

wou weet, wie betaal die inkomstebelasting op die opbrengs op die belegging? Die trust?

Dan het jy R22 800 per jaar se rentevrystelling gemis. Dit geld net individue, nie trusts nie. Die trust betaal boonop 40% belasting (op die rente en huurinkomste in die belegging) teenoor jou eie koers. En kapitaalwinstbelasting op die verhandeling in aandele? Trusts betaal KWB teen 26% en individue 'n maksimum van net 13,3%.

Ek weet belasting-slimjanne sal sê die opbrengs word toegeken aan begunstigdes en die individu betaal dus belasting in sy naam

teen die laer koers (die sogenaamde deurvloeiëbeginsel).

Dit sou waar kon wees, maar dan is die vraag: Wat is dan die doel van die trust? Sodra geld aan 'n individu toegeken word, verkry hy 'n gevestigde reg daarop. Dit behoort dan nie meer aan die trust nie.

Prakties is dit terug in die boedel van die begunstigde en vatbaar vir boedelbelasting, skuldeisers en egskeidingseise.

Net een trustee? Nog meer, net die familie as trustees? Kom ons kyk wat sê die hof. In die saak Landbank vs. Parker het die hof hom ondubbelsinnig uitgespreek

teen trusts wat deur die familie beheer word, laat staan nog net een trustee.

'n Onafhanklike trustee is nodig as jy nie jou aan die verkeerde kant van 'n eis, of van Jan Taks, wil bevind nie.

"Is die trust deel van my boedel?" Nie noodwendig nie. 'n Trust wat reg opgestel is en reg bestuur word, moet juis voorkom dat trustbates by jou dood in jou boedel opgeneem word.

My ervaring is dat die meeste trusts nie korrek opgestel is nie. Die talle onlangse hofuitsprake tot die verdriet van trustoprigters ondersteun my siening.

Verder bepaal art. 3(3)(d) van die Boedelbelastingwet (Wet 45 van 1955) dat enige bate waarvoor jy kort voor jou dood in staat was om tot jou eie voordeel oor te beskik, in jou boedel opgeneem kan word.

Dit sal dus afhang van hoe jy met hierdie belegging te werk gegaan het. Asof dit jou eie is? Dan is die kans goed dat dit in jou boedel kan beland.

► Nico van Gijsen CFP® is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur by Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000, of nico@finlac.com.